



Verjaardae die week:

5/31	Mev	Ina	Liebenberg	084-210 0688
5/31	Mev	Sofia	Schutte	073-906 9896
6/1	Me	Elize	Crafford	074-179 1500
6/1	Mnr	Phillip	Koekemoer	073-222 9875
6/1	Mev	Lindie	Le Roux	082-718 8557
6/2	Mnr	Leon	Greff	083-308 3083
6/2	Mnr	Adriaan	Makkink	
6/3	Mnr	Jan	Henning	083-229 0645
6/3	Mnr	Pieter	Van Der Westhuizen	
6/4		Pierre	Van Niekerk	082-762 8499
6/5	Mev	Melanie	Burger	082-700 9824
6/5	Me	Renata	Lindeque	082-922 3214

Pinksterfees

“God self het ons saam met julle op hierdie vaste grond gevestig: op Christus. God het ons vir Hom afgesonder, ons as sy eiendom beseël en die Heilige Gees in ons harte gegee as waarborg van wat ons nog sal ontvang”

- 2 Korintiërs 1:21-22.

Volg hierdie skakels om 'n oorsig te kry van die Openbaringbrief:

<https://www.facebook.com/NGKPierneef/videos/558419031768916/>

<https://www.facebook.com/NGKPierneef/videos/1621663691338069/>

Gaan gerus na ons webwerf vir die daaglikse Bybelstudies vir Pinkster en ook die daaglikse familie-uitdagings:

<http://ngkpieerneef.co.za/index.php/gebeure/>

<http://ngkpieerneef.co.za/index.php/pierneef-jonk/>

Ons Webwerf

Gaan kyk gerus na ons webwerf! Dit is splinternuut oorgedoen en is nou foonvriendelik sodat jy enige tyd - enige plek in kontak met ons kan bly. Die videopreke, Boodskappers en Bybelstudies sal ook weekliks beskikbaar wees op die webwerf. Al die ander inligting van ons gemeente, projekte en verhurings en kontakbesonderhede is ook daarop, so doen gerus die moeite en gan loer op www.ngkpieerneef.co.za

Gaan “like” ons Facebookblad!



“Pierneef Gemeente”

Gebedsbediening

- **Bid** vir die gevolge van die verlengde “lock down” op besighede, kerke, gesinne, die ekonomie en die gesondheidstelsel. **Bid** ook vir die regering en president wat in hierdie tyd belangrike besluite moet neem. **Bid** dat hulle in afhandlikheid van God se leiding sal optree. **Bid** dat ons as landsburgers sal saamstaan en mekaar ondersteun sodat ons die las op mekaar kan ligter maak. **Bid** vir elkeen vir wysheid, geduld en vrede. **Bid** vir ons gesondheidswerkers en die mense wie hulleself moet blootstel sodat noodsaaklike dienste kan aangaan. **Bid** vir die mense wat werk aan teenmiddels en entstowwe wat die virus kan stuit. **Bid** vir die wat hulle werk verloor het.
- Kom ons **bid** vir kinders wat baie probleme in die gesig staar soos armoede, misdaad, vrees, mishandeling en verwaarlosing.
- **Bid asb** vir Mauritz Visagieen sy familie(072-152 1224).
- **Bid** vir Lindie Le Roux wat Chemo kry. (012 333 8373).
- **Bid asb** vir Natie du Plessis wat in die harthospitaal was.
- **Bid asb** Christene de la Rey wat die week'n operasie ondergaan het.
- Kom ons **bid** dat God ons harte sal voorberei vir herlewing
- **Dra** ons gemeente se finansies aan die Here op in hierdie tyd.

Bid asb vir die Kerkraad wat Maandagaand vergader oor verskeie sake rakende die gemeente en eredienste. Byvoorbaat dankie vir almal se geduld oor die saak. Ons wil graag die bes-moontlike besluit neem wat ons gemeente se mense gaan baat en beskerm.

Indien jy 'n behoefte het aan voorbedding stuur asb jou gebedsversoek aan ds Grobler (076 841 1568).

Nasionale dag van Gebed (31 Mei)

Die president het in sy laaste afkondiging melding gemaak van 'n nasionale biddag op 31 Mei en die godsdienstige sektor opgeroep om daaraan deel te neem. Trouens dit was 'n versoek deur godsdienstige leiers aan die president, soos ook die vorige versoek om voorbedding, aan die begin van die grendeltyd. Hy het in sy afkondiging melding gemaak van sake waarvoor gebid kan word.

Dit sluit die volgende in:

- Persone wat deur die virus geïnfekteer is
- Families wat geliefdes aan die dood afgestaan het
- Persone wat in die voorste linie is om siek mense te versorg
- Persone wat in die voorste linie is om die verspreiding van die virus te beperk.
- Die president en regeringsamptenare wat belangrike besluite moet neem
- Navorsers wat 'n kuur en entstof ontwikkel vir die bevegting van die virus
- Die land en sy mense wat op ekonomiese en maatskaplike gebied oor 'n wye front uitgedaag word
- Kerke, kerkleiers en Gemeenteleiers wat moeilike besluite moet neem.

Baie geluk aan Andre en Stoffie wat oupa en ouma gaan word later die jaar!

Aangevuur met hoop - ook wanneer ek hopeloos voel

Meditasie

Dink aan jou gunsteling kerk- of *praise&worship* liedjie, en wat jou gunsteling reël of refrein daaruit is. Sing dit vir jouself, of luister daarna, terwyl jy oor die woorde van die lied dink. Gebruik die lied om te fokus op die Here se teenwoordigheid.

Oorgang gedagte

Watter gevoelens het die lied in jou uitgebring? Voel jy die Here se teenwoordigheid? Hoe voel jy oor die toekoms? Voel jy hoop, of voel jy hartseer oor die toekoms?

Vandag gesels ons oor hoe die Heilige Gees vir ons hoop bring vir die hede en die toekoms.

Ons lees nou vanuit Romeine 8:18-25:

¹⁸Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie.

¹⁹Die skepping sien met gespanne verwagting daarna uit dat God bekend sal maak wie sy kinders is. ²⁰Die skepping is immers nog aan verydeling onderworpe, nie uit eie keuse nie, maar omdat God dit daaraan onderwerp het. Daarby het Hy die belofte van hoop gegee: ²¹die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom van die heerlikheid waaraan die kinders van God deel sal hê. ²²Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyn van verwagting. ²³En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees ontvang het as die eerste gawe van God, ons sug ook. Ons sien daarna uit dat God sal bekend maak dat Hy ons as sy kinders aangeneem het: Hy sal ons van die verganklikheid bevry. ²⁴Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat 'n mens al sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien? ²⁵Maar as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding.

Gedagtes oor die teks

As ons om ons kyk, sien ons dalk net probleme raak. **Ons sien 'n wêreld vol probleme.** Ons sien siekte, onreg, probleme, pyn, en hartseer. Hierdie is nie hoe dinge veronderstel is om te wees nie. Ons, die aarde, en die hele skepping sien uit na 'n tyd wanneer **God alles nuut gaan maak.** God gaan alles nuut maak, pyn en lyding gaan verby wees, en God gaan die hele skepping herskep en nuut maak. Maar, in v.24, herinner Paulus ons dat ons nou gered is, vir die hier en nou, en dat ons nie hoop net vir eendag nie, **maar ons het hoop ook vir hier en nou.**

Die Heilige Gees is hier, by ons, in ons swaarkry, in ons goeie en slegte tye. Meer as dit, gaan hierdie hele reeks oor hoe die Heilige Gees ons aanvuur om nie net in ons hoekies te sit nie, maar om deel te neem aan die hoop wat God se Gees vir ons bring. Ons kan deelneem aan die hoop nie net vir die toekoms nie, maar ook vir die hede.

En alhoewel ons hoop dalk nie sigbaar is nie, as ons dit uitleef, sal dit sigbaar word.

Saam dink vrae

Dink nou oor hierdie vrae:

- Waarvoor hoop ons vir die hede?
- Waarvoor hoop ons vir die toekoms?
- Hoe vuur die Gees ons aan om in hoop nou te leef?

Ritueel

Neem 'n klein stuk papier of 'n "post-it", en skryf daarop neer 'n hoop wat jy in jou het -- iets waarvoor jy hoop. Plak dit êrens op waar jy dit elke dag sal sien, soos by jou lessenaar of op jou spieël.

Elke dag wanneer jy dit sien, bid vir daardie hoop, en sien uit na daardie hoop waarvoor die Gees ons aanvuur.

Bid saam

Die Belydenisklas moet asb onthou dat ons Dinsdae Whatsapp gesprekke het.

7. Julle judge my

Inleiding

Neem 'n paar oomblikke. Raak stil en rustig. Haal diep asem. Laat iemand die volgende gebed lees: Wees my genadig, o God, volgens u troue liefde. Wis tog my sonde uit, op grond van u barmhartigheid. Was my skoon van my skuld. Reinig my van my sonde. Want ek ken my oortredings en my sonde is gedurig voor my. Teen U, U alleen, het ek gesondig; ek het gedoen wat vir U verkeerd is. Daarom is u uitspraak reg en u oordeel regverdig. Want ek is as sondaar gebore, en was dit toe my ma swanger geword het. Maar U verwag waarheid in die hart. U leer my om wysheid te besit. Neem weg my sonde met hisop sodat ek skoon kan wees, was my dat ek witter as sneeu kan wees. Gee my tog weer blydskap en vreugde; U het my stukkend gebreek, laat my weer vol vreugde wees. Moenie let op my sondes nie, en wis al my oortredings uit. Skep vir my 'n rein hart, o God. Gee my 'n nuwe, standvastige gees. Moenie my verban wég van u teenwoordigheid nie, en moenie u Heilige Gees van my af wegneem nie. Gee my tog weer die vreugde van u redding en maak my gewillig om U te gehoorsaam. Dan sal ek oortreders u weë leer, sodat sondaars hulle tot U sal bekeer.

Teks:

Matteus 7:1-12 (Die Boodskap)

1“Moenie so gou foutvind nie. 2As jy ander mense links en regs veroordeel, gaan God eendag presies dieselfde met jou doen. 3“Waarom is jy so haastig om foute in ander mense se lewe uit te snuffel terwyl jy blind is vir al die sondes in jou eie lewe? Waarom sien jy so gou die kleinste splintertjie in jou vriend se oog raak terwyl jy blind is vir die groot houtstomp wat in jou eie oog vassit? 4En dan waag jy dit so ewe om vir jou vriend te sê: ‘My ou broer, kom laat ek gou daardie splintertjie uit jou lewe wegvat sodat jy weer reg kan leef,’ maar jy sien nie die groot foute in jou eie lewe raak nie. 5Jou skynheilige! Haal eers die houtstomp uit jou eie oog uit, dan sal jy goed genoeg kan sien om daardie klein splintertjie uit jou vriend se oog te haal. 6“Wees versigtig wanneer julle tussen mense is wat geen respek vir God het nie. Hulle verstaan glad nie hoe groot en heilig Hy is nie. Moenie julle tyd mors om met hulle oor God te praat nie. Soos 'n trop varke sal hulle sy goedheid onder hulle voete vertrap. Boonop gaan hulle julle ook nog beledig en vervolg.” 7“Julle moet nooit moeg word om te bid nie. Vra en God sal vir julle gee. Soek en julle sal kry. Klop aan God se hemelse deur en Hy sal vir julle kom oopmaak. 8Want elkeen wat vra, ontvang; elkeen wat soek, kry, en elkeen wat klop, tref uiteindelik 'n oop hemelse deur aan. 9“Jou hemelse Vader wil net die beste dinge vir jou gee. As jy 'n pa is, behoort jy dit goed te verstaan. Jy wil mos graag net goeie dinge vir jou kinders gee, nie waar nie? 10As jou kind vir jou 'n stukkie brood kom vra om te eet, sal jy tog nie vir hom 'n klip gee nie. Jy sal ook nie vir hom iets slegs soos 'n slang gee as hy vis wil hê om te eet nie. Nou ja, God maak ook nie so met sy kinders nie. 11As julle klomp slegte mense net goeie dinge vir julle eie kinders gee, hoeveel te meer sal julle hemelse Vader dit dan nie doen nie? Ek verseker julle: Hy sal net die beste dinge gee vir diegene wat Hom daarvoor vra.” 12“As daar een goue reël is waarvolgens julle moet lewe, is dit die volgende: vra julle elke dag af hoe julle wil hê ander mense teenoor julle moet optree. Gaan tree dan eerste so teenoor hulle op. As julle so leef, doen julle alles wat die Bybel van julle vra.

Joernaal: (Skryf elke week jou gedagtes rondom die teksgedeelte en vrae in 'n boekie of papiere wat jy bêre sodat jy kan teruggaan om dit weer te lees, dit kan ook handig wees om dit te hê wanneer die groep op WhatsApp die gedeelte bespreek).

- *Die mense met wie Jesus gepraat het, was mense wat met hul hande gewerk het – boere, vissermanne, houtwerkers, bouers. Hulle sou almal al stof in hul oë gehad het en beslis al iets soos 'n splinter. Dink gou weer terug aan Jesus se vergelyking: “Jou oog is 'n lamp vir jou liggaam. 'n Suiwer oog laat die lig instroom sodat jou binneste geheel en al lig word.” (Matt. 6:22) Wat verteenwoordig jou oog en wat verteenwoordig die splinter?*
- Varke was vir die Jode onrein – hulle het dit nie aangehou nie. Mense van ander lande af het wel varke aangehou. Varke is nie baie kieskeurig oor wat hulle eet nie, so mense het baie keer sommer hul afval kos uitgegooi en dan het die varke dit geëet. Wat sal met 'n pêrel gebeur as jy dit vir 'n vark gee om te eet? So, as jy vir iemand wat jy nie goed ken nie “pearls of wisdom” gooi oor hul lewe, wat gaan daarmee gebeur?
- As Jesus oor gebed praat, wat sê hy van God en wat sê hy van mense?
- Jesus sê vir ons dat ons eintlik maar moet onthou dat ons vol foute is, voor ons met mense oor hulle foute praat. Hoe wil jy hê moet mense met jou kom praat oor jou foute?
- Wat sê die teksgedeelte vir jou? Wat het vir jou uitgestaan? Wat is die boodskap wat Jesus vandag vir jou wil gee?

Prakties: Die balk in jou oog.

Ons het so paar weke terug Lydenstyd gevier. Dis die tyd wat ons Jesus se pad na die kruis onthou. Een van die doelwitte van die kruis was juis om mense bewus te maak van sonde, omdat ons soms ons eie sonde wegsteek en ander s'n probeer uitvang. Jesus se kruis het kom wys dat ons Hom nodig het. Kry jou roomystokkie en skryf die een sonde waarmee jy sukkel of waarmee jy mense onlangs baie seergemaak het daarop neer. Sit dit in jou Bybel en elke keer wanneer jy daarna kyk vra vir die Here om jou daarmee te help.

Terugvoer:

Hou 'n tydjie Maandag/Dinsdag oop dat ons so deur die loop van die twee dae kan terugvoer gee vir mekaar!

Dankoffers in Afsondering

Baie dankie aan almal wat steeds getrou dankoffers en 10des in die kerk se rekening in betaal, dit help die gemeente om sy dienswerk voort te sit. Alhoewel die uitgawes van die kerk in hierdie tyd dieselfde bly, verloor die kerk ook heelwat inkomste i.t.v saalhuur/dankoffers ens. Dus wil ons die aanmoedig wat wel kan, om asb steeds in hierdie moeilike tyd per eeft die normale betalings te maak. Baie dankie ook vir die voortgaande vrygewige donasies wat aan Dorkas se kombuis gemaak word, dit maak 'n geweldige verskil in die lewens van baie gesinne!

Bankbesonderhede: NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845

Advertensies



Vir plasing van advertensies kontak asb vir Steve (072-137 4407 of 012-333 4273 of kantoor@ngkpierneef.co.za).

Kostes vir advertensies is R10.00 per plasing.

Saalhuur

Indien u of weet van iemand wat sou belangstel om die saal te huur, kontak gerus vir Steve (072-137 4407/012-333 4273 of kantoor@ngkpierneef.co.za). Die kostes beloop R700.00 vir lidmate en nie-lidmate R1,200.00 per dag.

Gebed vir die nasies:

Ramadaan se einde het onlangs vir die ongeveer 1,8 biljoen Moslems wêreldwyd aangebreek. Bid dat baie die rede vir hierdie vas sal bevrage teken en na die Waarheid sal soek. Daar is slegs 1 sendeling vir elke 100 000 Moslems. Bid dat die Here van die Oes meer arbeiders sal oprig vir hierdie rype oes van siele. Ten spyte daarvan dat ongeveer 80% van Moslems nog nooit 'n ware navolger van Christus ontmoet het nie, groei die kerk die vinnigste in die Moslem wêreld. God is werklik aan die beweeg, deur middel van die visioene van Jesus wat baie ervaar. www.tr.im/wb21

WhatsApp-groepe

Kom ons hou kontak met mekaar! Sluit gerus aan by een van die volgende groepe om in kontak te bly met almal & in die loop te bly met gemeente aktiwiteite:

Pierneef Gemeente: Gemeentegroep waar preke gedeel word

Bybelstudie: Bybelstudie inligting en gesprekke

Bybelskool: Bybelskool inligting en gesprekke

Kleingroep: Kleingroep-Bybelstudie inligting vir 20s-40s

Vintage-Tusseninners: 40s+ kuiergroep

Belydenisklasgroep: Gr 10 & 11 groep

Jeuggroep: Al die jeug in die gemeente is welkom om hiervan deel te wees. Inligting en gesprekke word gedeel

Vrouediens: Al die vrouens van die gemeente is welkom. Inligting en bemoediging onder mekaar

Motorwagte & Louis Botha kindershuis groepe: Die groepe is onderskeidelik vir ons projekte, indien jy betrokke wil raak in die tyd, sluit gerus aan

Indien jy op een of meer van die groepe gevoeg wil word, stuur gerus jou naam en die groepnaam waarop jy wil wees aan 076 841 1568.

Raak
Betrokke



Sinode-nuus

Kyk gerus hier! Ons gemeente deel ons storie van hoop: <http://noordsin.ngkerk.net/verhale-van-hoop/>